

Saamstap Stiltetyd

In Psalm 1:1-3 lees ons: “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

Christene is mense van die Woord. Ons vind ons vreugde in die Bybel. Ons lewens dra vrug en ons beleef Goddelike seën omdat ons daarin gewortel is.

Die volgende materiaal is 'n hulpmiddel waarmee jy/julle vir 'n jaar stiltetyd deur die Nuwe Testament kan doen. (Materiaal sal maandeliks beskikbaar gestel word.) As die Here ons spaar, doen ons volgende jaar die Ou Testament. Die materiaal kom uit: Die “Eenjaar Bybel” wat deur Christian Art uitgegee is. Ons gebruik dit met hulle toestemming. Die “Eenjaar Bybel” word nie meer gedruk nie.

Stiltetyd begin met 'n afspraak met God. Gee genoeg tyd vir stilword. Maar min tyd, is beter as geen tyd. As jy/julle as huis net met die oordenking wil begin, is dit ook goed. Ons gaan nie oor mekaar se skouers loer nie.

Ons fokus op die Bybel as God se Woord in mensetaal. Saam met die Bybel as handboek, is daar goeie hulpmiddels soos bv. die “Die Bybellenium, 'n Eenvolume Kommentaar” en “Die Bybel in Praktyk” beskikbaar indien jy dit wil gebruik om dieper te delf.

Op ons webwerf vind jy ook 'n lekker praktiese gebedshulp: “Wat is ware gebed?”

Kom ons stap saam!

Ds MG van Rooyen
Sel: 083 413 7100

1 April 2021

Lukas 9:28-50

Oordenking: Die verheerliking van Jesus. (Lukas 9:29)

Jesus het vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom teen die berg opgeneem sodat hulle kon sien wie Hy werklik was - nie net 'n groot profete nie, maar God se eie Seun. Moses, die verteenwoordiger van die wet, en Elia, die verteenwoordiger van die profete, was saam met Hom op die berg. God se stem het duidelik gesê dat Jesus die goddelike, almagtige en langverwagte Messias is. Jesus se gesag is groter as dié van die wet van die profete, wat deur Moses en Elia verteenwoordig word. Want Jesus is die vervulling van die wet én die profete. Jesus is God se Seun. Sy gesag en mag is finaal en daarom moet Sy woorde ook ons finale gesag wees. As iemand se leer die waarheid is, dan sal dit ooreenstem met Jesus se leer. Toets alles wat jy hoor aan Jesus se woorde en moenie mislei word nie.

2 April 2021

Lukas 9:51-10:16

Oordenking: Voornemende dissipels. (Lukas 9:62)

Wat verwag Jesus van ons? Hy verwag algehele oorgawe - nie halfhartige toewyding nie. Ons kan nie kies watter van Jesus se opdragte ons gaan gehoorsaam en Hom op 'n voorwaardelike manier volg nie. Ons moet die kruis saam met die kroon aanvaar; die oordeel én die genade. Ons moet die koste bereken en gewillig wees om alle ander dinge wat vir ons sekuriteit bied, te laat vaar. As ons ons oog op Jesus gevestig hou, mag ons niks toelaat om ons te laat afwyk van die lewe waartoe Hy ons roep nie.

3 April 2021

Lukas 10:17-37

Oordenking: Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. (Lukas 10:27-37)

Vir die wetgeleerdes was die gewonde man 'n onderwerp van bespreking. Vir die rowers was hy iemand wat uitgebuit kon word; vir die priester 'n probleem wat vermy moes word en vir die Leviet, iemand wat sy nuuskierigheid geprikkel het. Die enigste wat hom behandel het as mens wat liefde nodig het, was die Samaritaan. Ons leer drie beginsels van naasteliefde uit die gelykenis: (1) dit is dikwels maklik om 'n gebrek aan liefde te regverdig; (2) ons naaste is enigiemand van enige ras of geloof of sosiale groep wat hulp nodig het; en (3) liefde beteken dat ons in daardie persoon se behoefte sal voorsien. Daar is behoeftige mense naby jou, waar jy ook al woon. Daar is geen goeie rede waarom jy moet weier om te help nie.

4 April 2021

Lukas 10:38-11:13

Oordenking: Jesus onderrig sy volgelinge oor gebed. (Lukas 11:4)

Jesus leer Sy dissipels meer omtrent gebed en gee vir hulle 'n voorbeeld - 'n modelgebed. Kyk na die volgorde in hierdie gebed. Jesus prys God eers, en dan vra Hy sekere dinge. As ons God eers prys, dan is ons gesindheid reg as ons vir Hom van ons behoeftes vertel. Ons gebede klink dikwels meer soos inkopielystes as soos gesprekke. Jesus beklemtoon ook dat vergifnis van ander mense 'n middelpunt van ons verhouding met God vorm. God het ons sondes vergewe; ons moet diegene wat ons verkeerd behandel het, ook vergewe. As ons ander nie wil vergewe nie, beteken dit dat ons nie verstaan dat ons ook soos alle ander mense, vergifnis bitter nodig het nie. Dink aan party van die mense wat jou te na gekom het. Het jy hulle waarlik vergewe, of koester jy dalk nog ou griewe teen hulle? Die gemeenskap wat ons in die gebed met God het, word regstreeks beïnvloed deur ons houding met die mense om ons.

5 April 2021

Lukas 11:14-36

Oordenking: Die koninkryk van God en die koninkryk van die satan. (Lukas 11:14-27)

Jesus het aan Sy luisteraars bewys dat die Koninkryk van God in Hom beliggaam was. Hy het die duiwels wat tot die koninkryk van die duisternis behoort het, uitgedryf. Hierdie verhaal, asook al die ander wat handel oor die uitdryf van duiwels, dui op die satan se neerlaag en die vestiging van die Koninkryk van God. God sal die satan aan die einde van die tyd finaal verpletter as Hy hom en al sy volgelinge in die poel van vuur gooi. Kan ons gereken word onder diegene wat die mag van God in Jesus Christus raaksien?

6 April 2021

Lukas 11:37-12:7

Oordenking: Jesus bestraf die Fariseërs. (Lukas 11:52)

Jesus het die Fariseers skerp veroordeel omdat hulle (1) hulle hande, maar nie hulle harte nie gewas het; (2) onthou het om tiendes te gee, maar nie om regverdig te wees nie; (3) daarvan gehou het dat die mense hulle moet prys; (4) onmoontlike godsdienstige eise gestel het, en (5) nie die waarheid omtrent Jesus wou aanvaar nie en ander ook verhinder het om dit te glo. Hulle was verkeerd omdat hulle net op uiterlike dinge gekonsentreer het en vergeet het van die toestand waarin hulle harte was. Ons is op dieselfde manier verkeerd as ons diens verrig omdat ons graag gesien wil word en nie omdat ons harte rein is en ons ander opreg liefhet nie. Ons mag ander mense dalk mislei - maar ons kan God nooit mislei nie. Moenie net uiterlik 'n Christen wees nie. Stel jou innerlike lewe onder God se beheer, dan sal Hy ook van buite in jou lewe sigbaar wees.

7 April 2021

Lukas 12:8-34

Oordenking: Jesus Leer deur middel van gelykenisse. (Lukas 12:15)

Jesus sê dat 'n goeie lewe niks met rykdom te doen het nie. Dit is presies die teenoorgestelde van wat ons gemeenskap gewoonlik sê. Adverteerders bestee miljoene daaraan om ons te oortuig dat ons gelukkiger, gemakliker en meer "in die mode" sal wees as ons maar net hulle produkte wil gebruik. Hoe reageer jy op die aanhoudende druk om te koop? Jy moet leer hoe om jou ore en gemoed te sluit vir daardie duur lokmiddels en om altyd op 'n ware goeie lewe te konsentreer. Dit is naamlik om elke dag jou verhouding met God uit te leef en Sy werk te doen.

8 April 2021

Lukas 12:35-59

Oordenking: Wees voorbereid op die Here se wederkoms. (Lukas 12:40)

God wil ons nie in 'n strik laat trap of onverwags "vang" as Hy sê dat Christus onverwags sal terugkeer nie. In werklikheid stel Hy Sy wederkoms uit sodat meer mense die geleentheid sal hê om Christus te volg. Ons het nou, voor Sy terugkeer, die geleentheid om die dinge wat ons glo, uit te leef en Jesus se liefde in ons verhouding met ander te weerspieël. Mense wat gereed is op die Here se wederkoms, is (1) nie skynheilig nie, maar opreg; (2) nie bang nie, maar bereid om te getuig; (3) nie angstig nie, maar gelowig; (4) nie gierig nie maar vrygewig; (5) nie lui nie, maar hardwerkend. Is jou lewe besig om al hoe meer soos Christus s'n te word? Sal jy, wanneer Hy kom, gereed wees om Hom met vreugde tegemoet te gaan?

9 April 2021

Lukas 13:1-21

Oordenking: Jesus leer oor bekering. (Lukas 13:6-9)

'n Vrugbare boom word dikwels in die Ou Testament as simbool van 'n heilige lewe gebruik. Jesus sê hier wat sal gebeur met die ander soort boom - dié een wat 'n plek volstaan, maar niks voortbring vir sy tuinier nie. Dit was een van die maniere waarop Hy Sy luisteraars gewaarsku het dat God nie hulle gebrek aan produktiwiteit vir altyd sou duld nie. Berou is 'n noodsaaklike bestanddeel van Christelike toewyding. Ons moet van ons verkeerde lewenswyses af wegkeer en ons tot God wend. Reageer op die tuinier se geduld en sorg en berei jou daarop voor om vrug te dra deur vir God te leef.

10 April 2021

Lukas 13:22–14:6

Oordenking: Die smal deur. (Lukas 13:24-30)

Daar sal baie verrassings in God se Koninkryk wees. Mense wat nou verag word, sal daar vereer word, en mense wat nou baie invloedryk is, sal uitgesluit word. Daar is baie mense wat in God se oë belangrik is, wat deur die wêreld geignoreer word. Ons aardse gewildheid, status, rykdom, afkoms of mag beteken vir God niks nie - wat vir Hom saak maak, is ons toewyding aan Christus. Hoe strook u waardes en optrede met die waardes en optrede wat die Bybel vir ons leer? Maak seker dat jy God eerste stel. Dan sal jy deel word van diegene dwarsoor die wereld wat hulle plekke in die hemelse Koninkryk gaan inneem.

11 April 2021

Lukas 14:7-35

Oordenking: Die voorreg om in God se Koninkryk in te gaan. (Lukas 14:7-14)

Jesus het vir die mense twee lesse geleer in dié gedeelte. Die eerste was dat 'n gas nooit die ereplek moet probeer kry nie. Diens en diensbaarheid is in God se Koninkryk baie belangriker as status. En tweedens het Hy vir die gasheer gesê om nie kieskeurig te wees oor wie hy uitnooi nie. God se Koninkryk staan oop vir almal - veral vir diegene wat Hom nooit vir die uitnodiging sal kan vergoed nie. Ons kan slegs deur genade in die Koninkryk van God ingaan. Ons, wat God se genade in ons eie lewens ervaar, moet dit dan ook met ander deel.

12 April 2021

Lukas 15:1-32

Oordenking: Die Verlore Seun. (Lukas 15:17)

Party mense moet tot die laagste vlak daal voordat hulle tot hul sinne kan kom. Die jongste seun se gesindheid het gespruit uit 'n begeerte om vry te wees, sodat hy kon doen wat hy graag wou. Sy gesindheid verskil dus nie veel van dié wat ons vandag so dikwels om ons sien nie. Mense moet dikwels eers in ontsettende droefheid beland voordat hulle hul wend na die enigste Een wat hulle kan help. Probeer jy dalk om jou lewe te leef soos wat jy graag wil? Stoot jy alles wat in jou pad kom op 'n selfsugtige manier opsy? Moenie die spoor heeltemal byster raak nie - stop nou, voordat jy tot heel onder daal. Op dié manier kan jy jouself en jou gesin baie droefheid bespaar.

13 April 2021

Lukas 16:1-18

Oordenking: Die Gelykenis van die oneerlike bestuurder. (Lukas 16:10, 11)

Ons is dikwels geneig om ons integriteit so 'n bietjie opsy te skuif as dit by geldsake kom. God vra dat ons selfs ten opsigte van die kleinste skuld - dinge wat maklik weggedeneer kan word - eerlik sal wees. Die rykdom van die hemel is baie meer werd as dié van die aarde. Ons sal egter nooit in staat wees om enige hemelse rykdom te bestuur as ons nie betroubaar is sover dit ons aardse rykdom aangaan nie - en dit maak nie saak hoe baie of hoe min ons op aarde het nie. Moenie jou integriteit ten opsigte van klein dingetjies opsy skuif nie, dan sal jy ook nie later, ten opsigte van belangrike besluite, misluk nie.

14 April 2021

Lukas 16:19-17:10

Oordenking: Lasarus en die ryk man. (Lukas 16:19-31)

Vir die Fariseërs was rykdom 'n bewys dat God 'n mens seën. Jesus het hulle geskok toe Hy dié gelykenis vertel het van die arm bedelaar wat beloon is en die ryk man wat gestraf is. Die man is nie na die doderyk toe gestuur omdat hy baie geld gehad het nie, maar omdat hy geld selfsugtig bestee het. Hy het nie vir Lasarus kos of slaapplek gegee nie en was ook nie oor sy gesondheid begaan nie. Hy het soveel seën ontvang, maar het verhard gebly. Die omvang van ons finansiële vermoëns is nie so belangrik soos die manier waarop ons dit bestee nie. Ryk mense kan vrygewig of suinig wees, en armes ook. Wat is jou gesindheid ten opsigte van jou besittings? Gaar jy dit op 'n selfsugtige manier op, of gebruik jy dit tot seën van ander mense?

15 April 2021

Lukas 17:11-37

Oordenking: Jesus praat oor die laaste dae. (Lukas 17:23, 24)

Christus sal op 'n doodgewone dag, 'n dag soos al die ander, kom. Daar sal geen waarskuwing vooraf wees nie. Mense sal met hulle dagtaak besig wees, net so onverskillig teenoor die Koninkryk van God soos altyd. Hulle sal net so stomgeslaan wees oor Sy wederkoms, as wat die mense in Noag se tyd was toe die vloed gekom het, net so verstom soos die mense van Sodom toe daardie stad in Lot se tyd verwoes is. Ons weet nie op watter uur en watter dag Christus terugkom nie, maar ons weet verseker dat Hy weer kom. Dit is dalk vandag, of more - of eers oor 'n paar eeue. Maar wanneer dit ook al gebeur, moet ons gereed wees daarvoor. Leef asof Jesus vandag terugkom, dan sal jy gereed wees vir Sy koms.

16 April 2021

Lukas 18:1-17

Oordenking: Die Fariseër en die Tollenaar. (Lukas 18:11-14)

Die Fariseër het nie na die tempel toe gegaan om tot God te bid nie, maar om vir almal binne hoorafstand te sê hoe goed hy is. Die tollenaar het gaan bid omdat hy diep onder die indruk van sy skuld was, en om genade wou vra. Eiegeregtigheid is sonde. Dit lei tot hoogmoed, veroorsaak dat 'n mens op ander neersien en verhoed uiteindelik dat jy enigiets by God leer. Die tollenaar se gebed moet ook ons gebed wees - want ons het elke dag God se genade nodig. Moenie toelaat dat hoogmoed jou verhouding met God of ander mense benadeel nie.

17 April 2021

Lukas 18:18-43

Oordenking: Jesus en die ryk jongman. (Lukas 18:22, 23)

Hierdie man het mag en aansien gehad omdat hy ryk was. Jesus het dus die wortel van al sy sekuriteit aangeraak toe Hy hom aangesê het om alles te gaan verkoop. Ryk mense vind dit dikwels moeilik om te beseef hoe 'n behoefte hulle aan God het en hoe magteloos hulle is om hulself te red. Die rede hiervoor is dat geld aan mense gesag, mag en sukses besorg. Sulke mense gaan nie na God toe nie, tensy Hy in hulle lewens ingryp. Party van die mense wat na Jesus gaan luister het, was verbaas toe Hy vir die armes gesê het dat hulle verlos kan word. Vandag sal mense dalk verbaas wees om te hoor dat Hy sê ook die rykes kan verlos word. Dit is wel vir 'n ryk mens moeilik om te beseef dat Hy Jesus nodig het, maar God kan dinge doen wat vir mense onmoontlik is. Jesus vra van almal dat ons ontslae moet raak van alles wat vir ons belangriker as God geword het. Wat is die bron van jou sekuriteit?

18 April 2021

Lukas 19:1-27

Oordenking: Die edelman en sy slawe. (Lukas 19:20-27)

Hoekom het die edelman so ongenadig opgetree teenoor die slaaf wat nie die geld wat hy moes hou, vermeerder het nie? Hy het hom gestraf omdat (1) hy nie sy meester se belange in die koninkryk op die hart gedra het nie; (2) hy nie vertrou gehad het in sy meester se motiewe nie; en (3) hy net aan homself lojaal was. God gee, net soos die edelman in hierdie gelykenis ook vir ons talente wat ons tot voordeel van Sy Koninkryk moet gebruik. Hy verwag van ons om daardie talente só te gebruik, dat mense daardeur na die Koninkryk toe aangetrek word. Hy vra vir elkeen van ons wat ons met die talente wat Hy ons gegee het, maak. Ons moet Sy werk doen terwyl ons wag dat die Koninkryk van God in heerlijkheid moet kom.

19 April 2021

Lukas 19:28-48

Oordenking: Jesus se intog in Jerusalem. (Lukas 19:36, 37)

Hierdie geleentheid word op die Sondag voor Paasfees deur Christene herdenk. Toe Jesus in Jerusalem inry, het mense langs die strate gestaan, God geprys, met palmtakke gewaai en hulle klere voor die donkie neergegooi. Met hulle blye uitroepe het hulle die Koning geloof, want hulle het besef dat Jesus besig was om die profesie van Sagaria 9:9 te vervul. Daar staan: "Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie." Vir hierdie aankondiging dat Hy die Messias is, het Jesus gewag totdat die hele volk van Israel in Jerusalem byeen sou wees. Groot skares sou Hom sien en almal sou verstaan wat Hy vir hulle wou sê. Die mense was nou seker dat hulle vryheid net om die draai was. Hulle het God geprys omdat Hy vir hulle 'n Koning gegee het - maar hulle het 'n wanbegrip van Jesus se bediening gehad. Hulle was seker dat Hy 'n volksleier sou wees wat hulle volk weer, soos vroeër, 'n sterk en groot volk sou maak. Daarom was hulle doof vir die woorde van die ou profete en blind vir Jesus se bediening. En toe hulle uiteindelik besef dat Hy nie aan hulle verwagtinge sou voldoen nie, het talle mense die rug op Hom gekeer.

20 April 2021

Lukas 20:1-26

Oordenking: Die gelykenis van die opstandige huurders. (Lukas 20:1-19)

Hierdie groep geestelike leiers wou van Jesus ontslae raak, daarom wou hulle Hom met hulle vraag in 'n lokval lei. As Hy sou antwoord dat Sy gesag van God is, dan kon hulle Hom van godslastering aankla. (Godslastering was enige aanspraak dat Hy die Seun van God is.) Maar Jesus het nie in hulle strik getrap nie, en hulle vraag met 'n teenvraag beantwoord. Op daardie manier het Hy hulle motiewe voor almal oopgevelek en hulle vraag deur middel van 'n gelykenis beantwoord.

Dit is maklik om te sien wie die karakters in hierdie gelykenis is. Die eienaar van die wingerd is God; die wingerd self, Israel; die boere wat die grond huur, is die geestelike leiers; die eienaar se slawe is die priesters en profete wat God na Israel gestuur het om hulle op hul sonde te wys; die seun is Jesus, die Messias, en die ander is die nie-Jode. Deur hierdie gelykenis het Jesus hulle vraag oor Sy gesag op 'n indirekte manier beantwoord, maar hulle het ook geweet dat Hy ten volle bewus is van hulle planne om Hom dood te maak.

21 April 2021

Lukas 20:27-47

Oordenking: Jesus antwoord die Godsdiensteleiers. (Lukas 20:27-38)

Die Sadduseërs, 'n konserwatiewe groep godsdiensteleiers, het net die Pentateug (Genesis tot Deuteronomium), erken. Dit was vir hulle die enigste ware Skrif en hulle het nie aan die opstanding geglo nie, omdat hulle geen verwysing daarna in daardie boeke kon vind nie. Hulle het ook besluit om Jesus in 'n lokval te probeer lei, dus het hulle Hom 'n vraag gevra waarmee hulle keer op keer die Fariseërs uitoorlê het. Nadat Hy egter hulle vraag oor die huwelik beantwoord het, het Jesus ook nog die onderliggende vraag oor die opstanding beantwoord. Hy het Sy antwoord gegrond op wat Moses geskryf het, en daarmee die opstanding bevestig.

22 April 2021

Lukas 21:1-28

Oordenking: Die tekens van die eindtyd. (Lukas 21:7)

Jesus het Sy dissipels deeglik voorberei op die moeilike jare wat sou volg. Hy het hulle teen valse leermeesters en vervolging gewaarsku, maar Hy het hulle ook die versekering gegee dat Hy altyd by hulle sou wees en Sy Koninkryk deur hulle sou openbaar. Hy belowe om aan die einde in mag en heerlijkheid te kom en hulle te red. Hierdie waarskuwings en beloftes geld vandag nog vir ons terwyl ons op Sy wederkoms wag.

23 April 2021

Lukas 21:29-33

Oordenking: Wees gereed vir Christus se wederkoms. (Lukas 21:34, 35)

Jesus het Sy dissipels opdrag gegee om waaksaam te wees terwyl hulle op Sy wederkoms wag. Daar het al byna twee duisend jaar verloop sedert Hy hierdie dinge gesê het, maar die woorde is vandag nog net so waar soos toe: Hy kom weer, en ons moet waaksaam wees en wag. Dit beteken dat ons getrou sal werk aan die take wat God vir ons gee. Ons gesindheid teenoor alle mense moet ook beïnvloed word deur die blye afwagting waarmee ons na Sy koms uitsien.

24 April 2021

Lukas 22:14-34

Oordenking: 'n Leier moet ook 'n dienskneg wees. (Lukas 22:24-26)

Die wêreld se leierskapstelsel is baie anders as dié van die Koninkryk. Wêreldse leiers is dikwels selfsugtig en verwaand en hulle veg behoorlik om bo uit te kom. Onder die Christene is die leier egter die een wat die ander op die beste manier kan dien. Mense lei op verskillende maniere - party deur hulle openbare optredes, ander deur sake reg te bestuur, en ander deur hulle menseverhoudinge. Maar alle leiers moet die hart van 'n dienskneg hê. Vra vir die mense wat jy moet lei hoe jy dit op 'n beter manier kan doen.

25 April 2021

Lukas 22:35-53

Oordenking: Judas verraai Jesus. (Lukas 22:40)

Jesus het die dissipels opdrag gegee om te bid dat hulle nie in die versoeking kom nie, want Hy het geweet dat Hy hulle binnekort sou verlaat. Hy het ook geweet hoeveel krag hulle nodig sou hê in al die versoekings wat voorgelê het - versoekings om weg te hardloop of Hom te verloën. Hulle sou Hom ook sien sterf. Sou hulle daarna nog glo dat Hy die Messias is? Die heel grootste versoeking waarteen hulle sou moes stry, sou wees dat hulle bedrieg en mislei sou voel.

26 April 2021

Lukas 22:54-23:12

Oordenking: Petrus verloën Jesus. (Lukas 22:62)

Petrus het bitterlik gehuil, nie net omdat hy sy Here, die Messias, verloën het nie, maar ook omdat hy sy rug gekeer het op 'n baie goeie Vriend, op iemand wat hom drie jaar lank geleer en liefgehad het. Selfs toe Jesus voorspel het dat hy Hom sou verloën, het hy dit heftig ontken - maar toe hy bang was, het hy alles wat hy so moedig beloof het, vergeet. Hy kon nie eers vir 12 uur standpunt inneem vir sy Here nie; hy was 'n mislukking as dissipel en as vriend. Ons moet weet wat ons swakhede is en nie te veel selfvertroue hê of te veel op onself staatmaak nie. As ons wel misluk, moet ons onthou dat Christus mense kan gebruik as hulle hul mislukkinge erken. Petrus het baie dinge uit daardie vernedering geleer - dinge wat hom baie sou help in die leiersposisie wat hy kort daarna moes beklee.

27 April 2021

Lukas 23:13-43

Oordenking: Jesus word Gekruisig. (Lukas 23:26)

Jesus kon nie Sy kruis verder deur die strate van Jerusalem dra nie, daarom is Simon van Sirene aangesê om dit vir Hom te dra. Jesus is saam met gewone misdadigers op 'n koppie buite Jerusalem gekruisig. Toe Jakobus en Johannes Hom gevra het of hulle die ereplekke langs Hom in die Koninkryk kon kry, het Hy gesê hulle weet nie wat hulle vra nie. En met Sy inhuldiging in Sy Koninkryk - deur Sy dood - is die plekke aan Sy regter en linkerkant deur twee sterwende mans ingeneem, deur twee misdadigers. Enigeen wat na aan Jesus wil wees, moet bereid wees om te ly en te sterf, net soos wat Hy besig was om te sterf. Hy het die beginsel vooraf aan Sy magsugtige dissipels verduidelik. Die pad na 'n hoë posisie in die Koninkryk, is die pad van die kruis.

28 April 2021

Lukas 23:44-24:12

Oordenking: Jesus staan op uit die dood. (Lukas 24:6, 7)

Jesus se opstanding uit die dood is die middelpunt van die Christelike geloof. Waarom is die opstanding so belangrik? (1) Ons weet dat die Koninkryk van die hemel in die geskiedenis van die aarde ingegryp het, want Christus het uit die dood uit opgestaan. (2) As gevolg van die opstanding weet ons dat die dood oorwin is, dat ons ook uit die dood sal opstaan, en vir ewig by Christus sal woon. (3) Die opstanding gee betekenis aan die nagmaal, 'n gereelde kerklike fees. Net soos die dissipels op die pad na Emmaus, breek ons ook saam met ons Here brood en Hy kom kragtig om ons te red. (4) Deur die opstanding kan ons ook sin in die grootste tragedie sien. Wat ook al met ons gebeur terwyl ons op die pad van die Here loop, ons weet dat daar deur die opstanding, hoop vir die toekoms is. (5) Daardie mag van God wat Jesus uit die dood laat opstaan het, is ook aan ons beskikbaar. Daardeur kan ons in 'n bese wêreld vir Hom leef. Christene kan heeltemal verskillend lyk; hulle kan anders voel oor dinge soos die politiek, lewenswyse en selfs sekere teologiese aspekte. Maar daar is een kerngedagte waaraan alle Christene glo en wat alle Christene verenig - Jesus Christus het uit die dood uit opgestaan!

29 April 2021

Lukas 24:13-53

Oordenking: Jesus se hemelvaart. (Lukas 24:50-53)

Jesus het voor die dissipels se oë begin opvaar totdat Hy in die hemel verdwyn het. Dit was seker vir hulle vreeslik om Hom so te sien verdwyn, maar hulle het geweet dat Hy Sy belofte sou nakom en in die Gees by hulle sou wees. Dieselfde Jesus wat by Sy dissipels gewoon, gesterf het en uit die dood uit opgestaan het, het ons ook lief en belowe om altyd by ons te wees. Ons kan Hom beter leer ken deur die Skrif te bestudeer, te bid en die Heilige Gees toe te laat om ons meer soos Hy te maak.

30 April 2021

Johannes 1:1-28

Oordenking: Christus, die Woord wat mens geword het. (Johannes 1:14)

God het met die geboorte van Jesus Christus 'n mens geword. Hy was nie gedeeltelik mens en gedeeltelik God nie. Nee, Hy was volkome God en volkome mens. Voordat Christus aarde toe gekom het, kon die mense God slegs gedeeltelik ken. Maar nadat Hy mens geword het, kon hulle God ten volle ken omdat hulle Hom in Christus kon sien en aan Hom kon raak. Christus is volkome God - in 'n menslike gedaante. Die twee foute wat die meeste gemaak word, is dat mense afbreuk wil doen aan Jesus se Godheid óf aan Sy menslikheid. Jesus is sowel God as mens. Daar is vertroosting in die wete dat ons groot God en Verlosser onder ons kom woon en met dieselfde probleme as ons kom worstel het. Maar Jesus het baie meer gedoen as om net dieselfde dinge as ons op aarde te ervaar - Hy het in ons plek gesterf sodat ons 'n intieme verhouding met God die Vader kan hê.